Fokus teks: Nehemia 8: 1-12, 2020.
Liedere: Gesang 175; VONKK 104: 1-3; Gesang 205: 1-3; Gesang 254 x2; VONKK 234: 1-3; VONKK 543: 1-3.

---

## VERWELKOMING: Dr Gerhard Lindeque, voorsitter van die Ring van Zuurfontein.

## Die KLOK lui; as die beier stil raak lees Ds Mariët Robbertze vir ons die toetrede voor. Na die toetrede sing ons sonder aankondiging Gesang 175:

Vandag kom ons as die Ring van Zuurfontein eensgesind saam om Bybelsondag te vier. Dit is meer as net 'n geleentheid om die Bybel in die middelpunt van ons erediens te plaas. Ons vier die Woord van God wat deur die eeue heen mense bereik, troos, vorm, uitdaag en nuut laat leef.

In Nehemia 8 hoor ons hoe Esra die Wet van God voor die volk voorlees, terwyl die Leviete dit verduidelik sodat die mense dit kon verstaan. Die volk luister, hulle hande gaan omhoog in aanbidding en trane kom in hulle oë. Die Woord word nie bloot gehoor nie – dit raak hulle lewens.

Dit is ook die betekenis van ons samekoms vandag: om weer met verwondering te luister na die Woord, dit saam te verstaan en dit toe te laat om ons geloof en ons lewe

te verander. Ons vier daarom nie net die Bybel as 'n boek nie, maar God wat deur sy Woord met ons praat.

Mag hierdie Bybelsondag ons herinner dat die Woord van God steeds lewe gee – aan ons, aan ons gemeentes en aan mense wat nog wag om dit te hoor.

## TOETREDE: Gesang 175 – Majesteit, glansryke heerlikheid!

## VOTUM: Dr Hannes Janse van Rensburg

Heilige Jesus, hoor ons bede: Hervorm ons hart, ons krag, ons rede. Maak ons al meer U beeld gelyk. Vorm ons wil en ook ons wandel. Dat in ons denke, spreke, handel in alles slegs U beeld sal blyk.

## SEËN: Dr Hannes Janse van Rensburg

Laat, Heer, u seën op ons daal, u guns uit Sion ons bestraal! U wat beveel en dit geskied, wil, Heer, u seën oor ons gebied.

---

## VONKK 104: 1-3 ~ Wat ‘n vriend het ons in Jesus.

## WET & BELYDENIS: Ds. Anneline Geyer lees vir ons voor en daarna staan die gemeente met ‘n lofsang, Gesang 205.

Gemeente van ons Here Jesus Christus;

Die Here se wil vir ons lewe begin nie by ons prestasie nie, maar by sy karakter. Daarom hoor ons vanoggend die eerste woorde van Psalm 136: 1 "*Loof die Here, want Hy is goed; aan sy liefde is daar geen einde nie.*"

Dit is die fondament van ons geloof. God is goed. Sy liefde is nie wisselvallig nie. Dit hang nie af van ons sukses of mislukkings nie. Sy verbondsliefde bly vas staan.

Juis daarom roep Hy ons om as sy kinders te leef. Omdat Hy goed is, roep Hy ons om goed te doen. Omdat Hy getrou is, roep Hy ons tot trou. Omdat Hy vergewe, roep Hy ons om te vergewe. Omdat Hy sy liefde mildelik uitstort, roep Hy ons om lief te hê met woord én daad.

---

Maar wanneer ons eerlik na ons eie lewe kyk, moet ons erken dat ons dikwels anders leef. Ons raak ondankbaar vir God se goedheid. Ons vertrou op ons eie vermoëns. Waar Hy ons roep om ander te dien, stel onsself dikwels eerste. Ons liefde het grense; God se liefde het nie grense nie.

Daarom bely ons nie ons eie verdienste nie, maar ons geloof, dat aan Sy liefde is daar geen einde nie. Uit dankbaarheid hiervoor loof ons vandag die Here – nie omdat ons volmaak is nie, maar omdat Hy goed is.

En saam met die digter van Psalm 136 antwoord ons: "*Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie.*"
Amen.

[staande] GESANG 205: 1-3 ~ Bring lof aan die Vader.

---

## NEHEMIA 8: 1-12, 2020: Dr Wimpie van Schoor

1 Met die aanbreek van die sewende maand was die
Israeliete al in hulle dorpe. 2 Die hele volk het toe soos een
man byeengekom op die plein voor die Waterpoort en
Esra, die skrifgeleerde, gevra om die boekrol te bring met
die Wet van Moses wat die Here Israel beveel het. 3 Esra,
die priester, het toe op die eerste dag van die sewende
maand die Wet voorgehou aan die byeenkoms, wat mans
en vroue ingesluit het, elkeen wat met begrip kon luister.
4 Hy het, vandat dit lig geword het tot die middel van die
dag toe, daar voor die plein by die Waterpoort daaruit
voorgelees vir die mans en vroue en dié wat kon
verstaan. Die hele volk het met gespitste ore geluister na
die boekrol met die Wet.

5 Esra, die skrifgeleerde, het gestaan op 'n houtverhoog
wat hulle vir dié doel gemaak het. Langs hom, aan sy
regterkant, het Mattitja, Sema, Anaja, Urija, Gilkija en
Maäseja gestaan, en aan sy linkerkant Pedaja, Misael,
Malkija, Gasum, Gasbaddana, Sagaria en Mesullam.
6 Esra het die boekrol voor die oë van die hele volk
oopgemaak, want hy het hoër as die hele volk gestaan.

Toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan. 7Esra het die Here, die grote God, geprys en die hele volk het, met hulle hande opgehef, geantwoord: "Amen, amen!" Toe het hulle gekniel en met hulle gesigte na die grond in aanbidding gebuig voor die Here.

8Jesua, Bani, Serebja, Jamin, Akkub, Sabbetai, Hodija, Maäseja, Kelita, Asarja, Josabad, Ganan, Pelaja en die Leviete het vir die volk die Wet verduidelik, terwyl die volk op hulle plekke bly staan het. 9Hulle het uit die boekrol met die Wet van God voorgelees, terwyl hulle verduidelik. Hulle het die uitleg gegee, sodat die volk die voorlesing kon verstaan.

10Nehemia – hy was die administrateur – en Esra, die priester en skrifgeleerde, en die Leviete wat besig was om vir die volk te verduidelik, het toe vir die hele volk gesê: "Hierdie dag is heilig vir die Here julle God. Moenie treur of huil nie!" Ja, die hele volk het gehuil toe hulle die woorde van die Wet hoor. 11Esra het vir hulle gesê: "Gaan eet feestelike kos en drink soet drank. Deel ook uit aan hulle vir wie niks voorberei is nie, want hierdie dag is heilig vir ons Heer. Moenie neerslagtig wees nie, want die

vreugde van die Here, dit is julle toevlug.” 12Die Leviete
het die hele volk gemaan om stil te wees en gesê: “Wees
stil, want hierdie dag is heilig! Moenie neerslagtig wees
nie!”

[gemeente bly sit en sing direk na Skriflesing] GESANG 254 X 2 ~ Spreek Heer

## PREEK: Dr Hannes Janse van Rensburg

Bybelsondag het binne die Afrikaanse kerklike tradisie ’n besondere plek gekry omdat dit ons herinner aan iets wat vandag maklik as vanselfsprekend aanvaar word. Dit bly baie-baie spesiaal, dat ons die Woord van God in ons eie taal kan lees, kan hoor en kan leer verstaan. Is dit nie soms ironies dat juis nou dat die Bybel in al sy vorme vrylik beskikbaar is, ons dit dalk juis die minste lees.

Die geskiedenis van die Bybel in Suid-Afrika is veel meer as die verhaal van net ’n boek. Dit is ook die verhaal van taal, geloof, missionale kerkwees, gemeentelike bediening en diens en mense wat glo dat die evangelie

aan elke mens in ’n verstaanbare taal beskikbaar moet wees.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het reeds op 23 Augustus 1820 in Kaapstad tot stand gekom, met die doel om bekostigbare Bybels aan mense in hul eie taal beskikbaar te stel. Vir Afrikaanssprekende gelowiges het hierdie ideaal uiteindelik ’n besondere betekenis gekry. Alhoewel gedeeltes van die Bybel reeds in die 19de eeu in Afrikaans vertaal is, het die eerste volledige Afrikaanse Bybel eers in 1933 verskyn. Op 27 Augustus 1933 is hierdie Bybel amptelik feestelik in gebruik geneem.

Hierdie gebeurtenis het ’n diepgaande invloed op die ontwikkeling van Afrikaans as taal én op die geloofslewe van Afrikaanssprekende mense (en kerke) gehad. Die Afrikaanse Bybel het mense gehelp om nie net oor God te lees nie, maar om die verhaal van God se liefde in die taal van hulle hart te hoor.

Daarom het Bybelsondag in die Afrikaanse kerklike tradisie 'n dubbele karakter: dit is 'n dag van dankbaarheid én 'n dag van hernude toewyding. Ons dank God vir die voorreg om die Skrif in ons eie taal te hê, maar ons word terselfdertyd herinner dat 'n Bybel wat op die rak lê, nog nie 'n geleefde geloof is nie.

Vandag, in 'n wêreld van vinnige inligting, sosiale media en voortdurende verandering, vra Bybelsondag ons weer om te luister. Nie bloot om die Bybel te beskerm as 'n kulturele erfenis nie, maar om dit oop te maak as die lewende Woord wat ons denke vorm, ons gewete aanspreek, ons hoop voed en ons telkens na Christus wys ... ons maatstaf en ons rigsnoer.

Bybelsondag sê daarom eenvoudig: Die Woord is aan ons gegee – nou moet ons dit lees, hoor, leef en gaan uitdeel.

Vandag, op Bybelsondag, kom ons bymekaar met 'n besondere gevoel van dankbaarheid. Ons is dankbaar vir

die Woord van God wat aan ons gegee is. Ons is dankbaar dat God nie 'n God is wat Homself verborge hou nie, maar 'n God wat hom op 'n besonderse manier aan mense bekend maak. Hy het Homself aan ons bekend gemaak – deur die geskiedenis van sy volk, deur die profete, deur die getuienis van mense wat saam met Jesus geleef het, en uiteindelik op die diepste en volledigste manier deur Jesus Christus.

Die Bybel is daarom nie bloot 'n ou boek wat deel geword het van ons kerk- en kultuurgeskiedenis nie. Dit is die getuienis van God se verhouding met mense. Dit vertel die verhaal van skepping en verbond, van sonde en genade, van verlorenheid en redding, van oordeel en hoop. Dit vertel uiteindelik die verhaal van God wat mense so liefhet dat Hy in Jesus Christus na ons toe gekom het. Daarom is ons vandag dankbaar.

Ons kan die Woord in ons eie taal lees. Ons kan dit in verskillende vertalings van ons taal lees. Ons kan dit vandag letterlik oral lees. Ons kan dit op ons telefone

saam met ons dra. Ons kan dit in die kerk hoor. Ons kan dit in Bybelstudiegroepe bespreek. Ons kan dit vir ons kinders en kleinkinders lees en leer. Ons het toegang tot die Woord op ’n manier waarvan vorige geslagte waarskynlik nooit kon droom nie. Maar juis daarom kom daar vandag ook ’n verantwoordelikheid. Want die Woord wat aan ons gegee is, vra iets van ons.

Nehemia 8 vertel vir ons van ’n volk wat na ’n moeilike tyd weer besig is om hulle lewe op te bou. Jerusalem is herbou. Die stadsmure staan weer. Die volk is terug uit die ballingskap. Maar daar is iets wat nog moet gebeur voordat die volk werklik weer weet wie hulle is en hoe hulle moet leef. Hulle moet die Woord van God hoor.

Die volk kom bymekaar en vra dat Esra die Boek van die Wet moet bring. Esra bring dit en lees daaruit. Die Leviete help die mense om te verstaan wat hulle hoor. En dan gebeur iets wonderliks: die volk luister, hulle hoor, en die Woord begin hulle lewens weer na God se rigting draai.

Dit is belangrik om raak te sien dat die Woord nie net vir die priesters en skrifgeleerdes was nie. Die teks sê dat mans, vroue en almal wat kon verstaan, saam geluister het. Die hele gemeente staan onder die Woord.

Dit is vandag ook ons roeping. Ons kom uit verskillende gemeentes van die Ring van Zuurfontein. Ons het verskillende ouderdomme, verskillende ervarings en verskillende stories. Ons leef in verskillende omstandighede. Maar wanneer ons die Bybel oopmaak, staan ons almal op dieselfde plek: onder die Woord van God.

En daarom wil ek vandag vier eenvoudige dinge beklemtoon:

- Ons moet die Woord lees. Dit klink eenvoudig, maar miskien is dit juis waar ons begin. Maak die Bybel oop. Maak God se mond oop, en hy sal met jou praat. Ons leef in ’n wêreld waarin ons elke dag deur duisende woorde omring word. Ons lees boodskappe, nuusberigte, advertensies en kommentare. Ons luister

na mense se opinies en kyk na video's wat ons vertel wat ons moet dink en hoe ons moet leef. Maar te midde van al hierdie stemme moet ons weer leer om die stem van God te hoor. Ons moet die Woord lees. Nie net wanneer ons 'n probleem het nie. Nie net wanneer ons 'n mooi teks vir 'n begrafnis of troue soek nie. Nie net wanneer ons 'n antwoord nodig het nie. Ons moet dit lees omdat ons God wil leer ken.

- Ons moet die Woord hoor. Nehemia 8 herinner ons daaraan dat geloof nie net 'n private aangeleentheid is nie. Die volk kom saam. Die Woord word hardop gelees. Dit word verduidelik. Mense luister saam. Daarom is die erediens krities belangrik. Daarom is prediking belangrik. Daarom is Bybelstudie belangrik. Daarom is gesprekke oor die Bybel belangrik. Ons het mekaar nodig om die Woord te hoor en te verstaan. En soms beteken dit dat ons met nederigheid moet sê: "Ek verstaan nie alles nie." Dit is nie 'n teken van swak geloof nie. Dit kan juis die begin van 'n dieper geloof wees.

- Ons moet die Woord leer. Die mense van Nehemia 8 het nie net gehoor nie. Die Leviete het verduidelik sodat die mense kon verstaan. Ons het ’n verantwoordelikheid om die Woord te leer. Ons moet vrae vra. Ons moet die Bybel in sy historiese en kulturele konteks leer verstaan. Ons moet leer om moeilike tekste nie sommer net weg te gooi nie. Ons moet saam leer hoe die Ou en Nuwe Testament met mekaar verbind. Ons moet leer hoe die Skrif ons telkens na Christus toe lei. En ons moet ons kinders, kleinkinders en agter kleinkinders leer. Ons moet ons jongmense help om die Bybel nie as ’n outydse boek te sien nie, maar as ’n bron van geloof, wysheid, hoop en onderskeiding.

- En dan moet ons die Woord gaan leef. Want uiteindelik is dit die groot uitdaging. Dit is moontlik om baie van die Bybel te weet en min daarvan te leef. Dit is moontlik om die Bybel te lees sonder dat die Bybel ons lewens verander. Dit is moontlik om oor liefde te praat en

liefdeloos te leef. Om oor vergifnis te lees en steeds vas te hou aan bitterheid. Om oor geregtigheid te lees en steeds onreg te verdra. Om oor Christus te praat en tog nie soos Christus te leef nie. Die Woord vra meer van ons. Die Woord wil nie net in ons Bybels wees nie. Dit wil in ons harte wees. En uit ons harte moet dit in ons hande, ons voete, ons woorde en ons verhoudings sigbaar word.

Dit is waarom Bybelsondag nie bloot ’n dag van herinnering is nie. Dit is ’n dag van hernuwing. Ons sê vandag: Here, dankie vir u Woord. Maar ons sê ook: Here, help ons om verantwoordelik met hierdie geskenk te leef.

Ek dink aan die bekende verhaal van die jongman wat vir sy 21ste verjaardag ’n luukse sportmotor van sy pa gevra het. Toe sy pa hom egter ’n Bybel gee, was hy teleurgesteld. Hy het die Bybel in ’n kas gesit en dit daar gelos. Jare later sterf sy pa. Terwyl die jongman sy pa se huis opruim, kry hy die ou Bybel weer. Hy maak dit oop.

En daar, tussen die bladsye, vind hy die sleutels van ’n luukse sportmotor. Die motor was al die jare daar. Sy pa het dit vir hom gekoop. Maar hy het nooit die Bybel oopgemaak nie.

Gemeente, wat ’n aangrypende beeld van ons eie lewe. God het aan ons ’n ongelooflike geskenk gegee. Nie ’n sportmotor nie. Iets baie groter. Sy Woord. Die Bybel. Maar ’n Bybel wat toe bly, kan nie gelees word nie. ’n Bybel wat nie gelees word nie, kan nie gehoor word nie. ’n Woord wat nie gehoor kan word nie, kan nie geleer word nie. En ’n Woord wat nie geleef word nie, verander nie ons wêreld nie.

Daarom kom ons vandag met dankbaarheid. Ons dank God vir sy Woord. Ons dank Hom vir mense deur die eeue wat hierdie Woord bewaar, vertaal, gedruk en aan ons oorgedra het. Ons dank Hom dat ons dit in Afrikaans kan lees. Maar ons gaan verder as dankbaarheid. Ons aanvaar ook ons verantwoordelikheid. Ons sal dit lees. Ons sal dit hoor. Ons sal dit leer. Ons sal dit leef.

En wanneer ons dit doen, word die Bybel nie net ’n boek wat ons besit nie. Dit word die Woord waardeur God ons vorm. Die Woord waardeur Hy ons troos. Die Woord waardeur Hy ons aanspreek. Die Woord waardeur Hy ons roep. Die Woord waardeur Hy ons hoop gee. En die Woord waardeur Hy ons telkens weer na Jesus Christus toe bring.

Gemeentes van die Ring van Zuurfontein, laat ons daarom vandag saam sê: Die Woord is aan ons gegee. Laat ons dit nie in ’n kas laat lê nie. Laat ons dit oopmaak. Laat ons luister. Laat ons leer. Laat ons leef. En laat ons dit met ’n wêreld deel wat meer as ooit tevore woorde hoor, maar wat steeds op soek is na die Woord van hoop. Amen.

## GEBED: Dr Hannes Janse van Rensburg

## SLOTSANG: VONKK 234: 1-3 ~ Abba, Vader, hoor ons bid.

## SEËN: Dr Hannes Janse van Rensburg

Heer, gee vandag ons dag se brood – Staan ons by in al ons nood, ook wanneer ons so gou vergeet dat U ons dag se brood uitmeet. Heer, seën tog vandag se brood en laat ons ander help in nood, laat ons bereid wees om te deel, want U gee altyd weer soveel. Heer, wees die lewensbrood. Vergeef ons selfsug, sodat ons uit liefde kan leef.

## WEGSENDING: VONKK 543: 1-3 ~ Leef jou lied, kom leef jou lofsange!

## BEDANKINGS & UITNODIGING OM SAAM TE KUIER IN DIE SAAL: Dr Gerhard Lindeque